# Inhoudsopgawe

## KORTVERHALE

**Elke hond kry sy dag** ........ 9
- Nellie Alberts

**Sowaar, 'n disa met dreads!** ........ 16
- Willem Fransman Jr.

**Nie 'n feëverhaal nie** ........ 25
- Kristel Loots

**Die streep** ........ 33
- Erla-Mari Diedericks

**Van bokram na skaaplam** ........ 39
- Riëtte Hugo

**Skoeter** ........ 47
- Nanette van Rooyen

**Broers** ........ 52
- Jaco Jacobs

**Vergeet van Google en soen my** ........ 58
- Elsa Winckler

**Bloubaard** ........ 64
- Troula Goosen

**Om 'n loser te wees** ........ 71
- Eldridge Jason

**Soos in 'n foto** ........ 76
- Nadine Petrick

**Lugspieëling** ........ 85
- Nanna Venter

**Juffrou Heelgetal** ........ 92
- Fanie Viljoen

**Den in die duine** ........ 96
- Johann Crous

**Tyd is 'n bliksem** ... 107
- Zelda Bezuidenhout

**STOPhorlosie** ... 114
- Hannes Barnard

**Jy's laat, Khanyisa** ... 125
- Wilna van Heerden

## OORGELEWERDE VERHALE

**Wee, o wee Westenschouwen** ... 127
- Solet Scheeres

**Die verdrag van Serengeti** ... 132
- François Verster

**Spoorbek maak 'n plan** ... 140
- Wendy Maartens

**Die arme ryk Abu** ... 146
- Fanie Viljoen

**Die houtkapper en sy vrou** ... 150
- Maritha van Aswegen

**Hoekom Hiëna mank loop** ... 153
- Nellie Alberts

## POËSIE

**Kopskuif** ... 157
- Marius F. Titus

**Erfsmet** ... 158
- Annie Klopper

# Inhoudsopgawe

**Soos altyd** ..... 160
- Marieta McGrath

**Mint chocolates** ..... 161
- Lynthia Julius

**Kinkel** ..... 162
- Daniel Hugo

**'n Stillewe uit die township** ..... 163
- Clinton V. du Plessis

**Die zombies se modeparade** ..... 164
- Liezl Nel

**Valse veiligheid** ..... 165
- Annamarie van der Merwe

**Skuitjiesmaan** ..... 166
- Nanette van Rooyen

**Die skrywer** ..... 167
- Fanie Viljoen

**Meetkunde** ..... 168
- Daniel Hugo

**hoogtepunt** ..... 169
- Nerine Ahlers

**Geskiedenismeneer** ..... 170
- Marieta McGrath

**Vriendelike groete** ..... 171
- Leona Conradie

**Blindekol** ..... 172
- Amoré Barnard

**Die monster** ..... 173
- Riëtte Hugo

**tatoeëermerk** ..... 174
- Wendy Maartens

**ontwerp** ..... 175
– Thérèse Bartman

**ek sit pen op papier** ..... 175
– Dieter Hugo

**Camissa / Die plek van soet water** ..... 176
– Candice Jantjies

**selfcare** ..... 177
– Ronelda S. Kamfer

**Saterdagaand** ..... 178
– Wilna van Heerden

**theatre of dreams** ..... 179
– Nathan Trantraal

**haikoe** ..... 179
– Dieter Hugo

**droogte** ..... 180
– Joha van Dyk

**Haar hande** ..... 181
– Fanie Viljoen

**is jy dapper genoeg?** ..... 182
– Wendy Maartens

**Daai sak** ..... 183
– Diana Ferrus

## DRAMA

**Gemorskos** ..... 185
– De Wet Hugo

**Droomverlore** ..... 207
– Cecilia Steyn

– Nanette van Rooyen

# Skoeter

Ma dra 'n onderbaadjie by haar jeans. 'n Bruin ene van leer wat haar hippiesuster vir haar van Buenos Aires af gebring het. Haar hippiesuster sê Buenos Aires beteken "goeie lug". Ma se stewels is van bruin kwaliteitleer en het 'n middelmatige hakkie. Haar handsak, ook van suiwer leer, pas perfek by die stewels. Alles saamgebind deur Ma se kraakwit knopiesbloes. Dit is die klere wat sy aantrek wanneer ons "stad" toe gaan. Een keer 'n maand. Stad beteken Kaapstad. Sewe en sestig kilometer ver van ons gewelhuis met die rooi stoep wat rondom die huis loop. Ons woon op 'n volstruisplaas naby Malmesbury.

Die volstruise is Pa se babies. Ma s'n is staticeblomme. Plate harde pers blommetjies wat haar hippiesuster van Wildernis eendag "begrafnisblommetjies" genoem het. Hulle praat nou nog nie met mekaar nie. Dié Ronda-suster bel my skelm en dan skinder ons oor Ma totdat die hond kom kyk hoekom ek so histeries lag.

Vandag ry ons stad toe al is dit nie eers die einde van die maand nie. Ma het my beloof as ek vir vyf van my ses vakke bo

# Oorgelewerde verhale

– Solet Scheeres

# Wee, o wee Westenschouwen:

## ’n legende uit Nederland

In die Middeleeue was daar ’n stadjie in Zeeland met die naam Westenschouwen. As jy vandag na Westenschouwen gaan soek, sal jy niks behalwe ’n toring kry nie. Want die hele stadjie het verdwyn nadat daar ’n vloek oor sy bewoners uitgespreek is, of só lui die legende.

In Westenschouwen was dit altyd mooiweer en warm. Die hemel was blouer as blou met ’n goudgeel son wat hoog in die lug geskyn het. Die see was kragtig, met net die regte grootte golwe. Op die branders het pragtige seilskepe die hawe ingevaar: oorlaai met skatte van oor die hele wêreld. Die inwoners van Westenschouwen was harde werkers en het flink met hulle geld gewoeker.

Jaar na jaar het hulle ryker en ryker geword. Ongelukkig het die voorspoed hulle selftevrede en hoogmoedig gemaak.

Dagin en daguit het hulle mekaar op die skouer geklop en gespog dat hulle stad die beste in die wêreld is. Nêrens was daar ’n groter hawe, beter vissers of ’n mooier stadsaal nie. En

buitendien, het hulle vir mekaar vertel, verdien hulle die rykdom omdat hulle so vreeslik fluks is.

Hoe voller hulle hul beursies gestop het, hoe leër het hulle harte geword. Die inwoners se arrogansie het geen perke geken nie. As hulle hoor van iemand wat arm was, het hulle vir mekaar gesê dit is daardie mens se eie skuld; almal weet tog net mense wat nie hard werk nie, verarm. Mense wat onverwags siek geword het, moes van beter weet: Harde werk hou jou tog gesond. En as jy in 'n ongeluk seergekry het, het hulle jou uitgelag: Hoekom het jy nie beter opgelet nie of waarom was jy nie versigtiger nie?

Vir baie jare het dit fantasties goed met hulle gegaan, tot 'n vissersboot op 'n dag 'n besonderse vis gevang het.

Toe vissermanne die net uit die water lig, maak dit 'n eienaardige bult, en toe hulle mooi kyk, sien hulle dis sowaar 'n meermin. Goue lokke krul oor haar skouers en haar seegroen oë is betowerend. Haar volmaakte bolyf eindig in 'n reusestert wat met visskubbe bedek is. Eers is die vissers bang dat sy gevaarlik is, maar dit duur nie lank voor hulle agterkom dat sy verskrik en weerloos is nie. En toe begin die pret. Die vissermanne stamp en stoot aan die meermin. Trek haar hare en bulder van die lag elke keer wat sy ineenkrimp van vrees. Nog voor hulle vasgemeer het, skreeu hulle vir die mense op die kaai hulle het 'n baie eienaardige dier gevang wat in 'n hok aangehou moet word.

Toe die boot vasmeer, stoot 'n honderd man 'n reuseysterhok tot op die rand van die kaai. Die hok is so sterk dat selfs die grootste monster nie daaruit sal kan ontsnap nie. Almal lag en dans toe die huilende meermin in die hok geprop word. Die mense skree die allervreeslikste beledigings terwyl sommige haar met stokke steek en tart.

"Ha-ha-ha, dié gedrog is nog vis nog vlees. Dit is beslis 'n duiwel!"

"Ja, sy is 'n hondsdol dier! Seevrou, ons gaan jou hier in 'n hok aanhou sodat jy elke dag die see kan sien, maar nooit, ooit weer daarin kan swem nie."

"Dit is 'n ellendige dom skepsel wat haar so maklik laat vang. Ons, die inwoners van Westenschouwen, sal ons nooit so maklik laat vang nie!"

Die meermin begin droewig huil. Sy steek haar arms deur die tralies see toe uit en terwyl die trane oor haar wange loop, roep sy in 'n hees stem om hulp. Maar die mense om die hok bly vir haar lag.

"Kyk," roep 'n visserman en beduie na die golwe, "daar is nog een, maar dis 'n mannetjie! Miskien moet ons hom ook vang."

Die mense verdring mekaar op die kaai soos hulle probeer sien wat in die see gebeur. Op 'n hoë golf swem 'n meerman tot in die baai. Sy gesig is grys en sy hare en sy baard skuimwit.

"Laat my vrou vry," smeek hy. "Sy gaan dit nie oorleef op land nie. Sy is nie 'n ondier nie, sy is liefdevol en onskuldig en my hart se punt. Moenie ons geluk vernietig nie. As julle haar vrylaat, sal ek julle 'n duisend maal beloon."

Maar die mense lag hom uit en gooi hom met klippe.

"Ons het niks van jou nodig nie, meerman. Ons sorg vir onsself!" skree hulle.

"Ek smeek julle, asseblief, laat haar gaan!" roep die meerman.

Die inwoners van Westenschouwen het nie 'n saak met die meerman nie. Die een probeer snaakser as die ander wees met wat hulle die meerman toesnou terwyl hul hom gooi met alles wat hulle in die hande kan kry.

Toe verrys die meerman uit die golwe.

# POËSIE

# KOPSKUIF

Gamiente ...
julle moet styf annie Master vashou
ommie gêngsters en drugs hier yt te hou,
vandag sallek priek hoe om dit te hanteer,
klyn Dawidjie sallit mooi demonstreer.

'n Reus vanne gêngster het opgedaag
ennie skytbang Jewboys ytgedaag,
daar vlug die klomp en stiek hulle weg,
nie één wou teen die reus gaan veg.
Toe Saul dit sien, word hy skaam en boos,
toe word daai koning moedeloos.
Hy het dag en nag sy kop gekrap
en dáár kom klyn Dawidjie ingestap.

Geliefdes ...
hý issie outjie van wie ek priek,
nie 'n enkele wapen en habba trieks,
hy't net sy slinger en masterplan gebring
en toe gebeer 'n wonnerwerk vanne ding.

Dierbares ...
kyk, Goliat was sleg en onbeskof,
stêkgevriet en blêrrie rof.
Dawid het sy slinger vasgevat
en daar lêrrie skollie op sy gat!
Daai laaitie het na die skollie gestap,
die reus ytgetjek en sy kop afgekap.

Broeders en susters ...
op daai dag het daai bloedjong kind
die eerste kopskuif plaas laat vind.

Amen!

– Marius F. Titus

# DRAMA

– De Wet Hugo

# Gemors**kos**

## KARAKTERS

| | |
|---|---|
| **Juffrou Astrid von Mollendorff** | Middeljarige oujongnooi. Die skoolhoof en eienaar van die bekende Von Mollendorff- privaat skool. Gemeen en vals. Sy dra 'n bril. |
| **Dorette** | Vrou in haar twintigs. Die skool se sekretaresse. 'n Vaal introvert. |
| **Meneer Richter** | Karooboer in sy veertigs. |
| **Mevrou Richter** | Boervrou van die Karoo in haar veertigs. |
| **Rozanne Richter** | Ekstrovert van vyftien met baie selfvertroue. |
| **Emily** | Vyftienjarige meisie. Riekie se kamermaat. |
| **Derick** | Vyftienjarige seun wat 'n grap van alles wil maak. Evan se kamermaat. |
| **Evan** | Emily se vyftienjarige tweelingbroer. Baie rustiger en meer teruggetrokke as sy suster. |

**Fanie / Vinnige Fanie** Bejaarde nutsman/opsigter wat vreeslik stadig praat. Verlief op juffrou Von Mollendorff.

*Juffrou Von Mollendorff sit agter haar lessenaar in haar kantoor. Daar is twee deure – een wat lei na die skool se ontvangskantoor en een wat na die koshuis lei. Dorette op deur ontvangsdeur.*

**DORETTE:** Juffrou, telefoon op lyn een.

**JUFFROU VM:** *(Geïrriteerd.)* Dorette, het jy 'n brein of 'n bol modder in jou kop? Ek sê mos ek het 'n kopseer. Dan neem ek géén oproepe nie. Almal weet dit!

**DORETTE:** Ja, Juffrou, maar ...

**JUFFROU VM:** Ag, stop jou gemaar. *(Haal haar bril af. Masseer haar kop.)* Wie is dit tog?

**DORETTE:** Dit is iemand van Johannesburg, Juffrou. Maar op die oomblik is hy ...

**JUFFROU VM:** Hý? *(Hoes en maak keel skoon. Sit regop.)* Dorette, ek is gereed om die oproep te neem.

**DORETTE:** Reg, Juffrou. Dit is blykbaar in verband met ...

**JUFFROU VM:** Baie dankie, dit sal al wees. Totsiens. *(Beduie Dorette moet skoert. Sit weer haar bril op. Tel die telefoon op.)* Hallo. Dit is Astrid von Mollendorff wat praat. *(Luister. Lag aangeplak.)* Ek verstaan volkome. *(Luister. Vals gemoedelik.)* Maar natuurlik. Praat gerus, ek luister. U weet, dit is maar min dat ek 'n ordentlike, opgevoede, opregte man se stem hoor. *(Huiwer.)* Waaraan het ek hierdie eer te

danke? *(Luister. Lyk en klink teleurgesteld.)* Besigheid? Nou maar goed. Gaan gerus voort. *(Luister.)* Die skool? Maar dis my lewe ... *(Luister.)* Natuurlik hét ek dit al voorheen oorweeg, maar ... *(Luister lank. Oë raak groot. Glimlag breed.)* Meneer ...? *(Luister.)* Meneer Gupta, teen die regte prys is énigiets te koop. *(Kyk af na haar lyf.)* Alles is net nie meer ewe maklik bemarkbaar nie. *(Lag senuweeagtig.)* Ag, ekskuus. My gedagtes dwaal. *(Kug selfbewus.)* Dit klink goed. Nou maar reg. Dan ontmoet ek u oor 'n uur. *(Kyk na haar horlosie.)* Ag nee, ek kan nie! Ek moet nou nuwe ouers van die skool ontmoet. Kom ons maak dit eerder vanmiddag om vieruur in die Cumberland-hotel. Reg, meneer Gupta? *(Luister.)* Tot later vanmiddag dan. Totsiens.

*Dorette klop en steek haar kop by die deur in.*

**DORETTE:** *(Gespanne.)* Juffrou, jammer dat ek al weer pla, maar die nuwe kind en haar ouers is hier.

**JUFFROU VM:** *(Verloor haar humeur.)* Maar, maar, maar! Dorette! Altyd maar. Mag ek máár 'n minuut kry om my gou reg te kry as dit nie jou báie besige, máár nikswerd skedule omver sal gooi nie? Ugh! Ek weet nie hóékom ek nog met iemand soos jy sukkel nie. Dit sal al wees, dankie. Toe. Uit! Trap!

**DORETTE:** *(Na aan trane.)* Ja, Juffrou. Jammer, Juffrou.

*Juffrou Von Mollendorff trek haar rok reg en vroetel aan haar hare. Gaan staan voor die kaggel. Dorette bring nuwe gesin in. Juffrou Von Mollendorff steek haar hand na hulle toe uit om te groet. Dorette dadelik af.*

**JUFFROU VM:** *(Oorvriendelik.)* Meneer en mevrou ...?
**MNR RICHTER:** Richter.
**JUFFROU VM:** Natuurlik. Meneer en mevrou Richter. En hierdie asemrowende blom is dan seker Riekie? Aangename kennis, ek is Astrid von Mollendorff. *(Kyk na Rozanne.)* Júffrou Von Mollendorff. *(Glimlag vals.)* Welkom.
**MNR, MEV EN ROZANNE RICHTER:** Aangename kennis, Juffrou.
**MEV RICHTER:** Dit is lekker om uiteindelik hier te wees. Wat 'n pragtige kantoor.
**JUFFROU VM:** Ag, baie dankie. Hoe vriendelik van u om dit te noem. Rozanne-skat, Juffrou kan jou verseker dat jy die Von Mollendorff- privaat skool sommer baie gaan geniet en teen vanaand sal dit al klaar vir jou voel of jy deel is van ons groot, hegte familie.
**ROZANNE:** Dankie, Juffrou. Ek is seker ...
**JUFFROU VM:** *(Hou haar vinger op.)* Nee, nee. Dit was nie 'n vraag nie.

*Meneer, mevrou, Rozanne Richter lyk verward.*

**JUFFROU VM:** Meneer en mevrou Richter, ek hoop nie u gee om nie, maar die skool het 'n reël, wat ons